

Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
23 Desember 1973

Onderwerp: Voorbereiding vir Kersfees

Lees: Amos 4 verse 1 tot 13

Teks: Amos 4 vers 12

Sing: Psalm 89 vers 1

Gesang 106 vers 1

Gesang 112 verse 7, 9 en 10

“... maak jou klaar om jou God te ontmoet’.

“Ons wil aan die hand van hierdie woorde van Amos vanaand handel oor ons voorbereiding vir Kersfees. Om Kersfees te vier in die ware sin en betekenis van die Woord, is om God te ontmoet; om Hom te ontmoet by die krip van Bethlehem soos Hy Hom in sy Seun geopenbaar het. En om so ’n ontmoeting met God te smaak, moet ons, ons klaarmaak en inrig daarvoor. Daarom wil ons drie baie belangrike vrae na aanleiding van Amos 4 vers 12 met u behandel: Waarom moet ons klaarmaak om God te ontmoet? Waarvoor moet ons, ons klaarmaak? Hoe moet ons, ons klaarmaak?

“Amos, die veeboer uit Tekóa, was bepaald nie ’n sagsinnige profeet nie. Sy tyd en die omstandighede waaronder hy moes optree, het sy optrede en boodskap geregverdig. Israel het in die oomblik van sy materiële voorspoed die dien van die ware God ingeruil vir die dien van afgode. Daarom is Amos se boodskap ’n dreigende boodskap, swaar en somber gelaai van die oordele van God oor die sonde. Dit was ’n boodskap wat vir sy volkgenote nie alte populêr en aanvaarbaar was nie. Dié boodskap was volgens hulle onvanpas. Hulle sou veel eerder na soet klinkende en vriendelike woorde wou luister.

“Ook hier by ons, op die vooraand van Kersfees, sal hierdie woorde van Amos vir baie onvanpas klink, veral in die lig van die Engele se lied: ‘... vrede op aarde, in die mense ’n welbehag!’ (Luk 2:14)

“So waarom moet ons, ons klaarmaak?

“Die antwoord is voor die hand liggend vanuit ons teksgedeelte. Israel het sy rug op God gedraai, waarop God geantwoord het: ‘Daarom sal Ek só met jou handel, o Israel’. Kan dit ook met ons gebeur?

“Broers en Susters, dit is nie net die Ou Testament wat oor die oordele van God handel nie, maar ook die Nuwe Testament met die kindjie in die krip by Bethlehem en die koms van Jesus Christus na hierdie wêreld. Johannes die Doper het in sy Adventsboodskap by die Jordaan uitgeroep: ‘... maar Hy kom wat sterker is as ek ... Sy skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring saambring in sy skuur, maar die kaf met onuitbluslike vuur verbrand.’ (Luk 3: 16,17)

“Nou moet ons nie vergeet nie, liewe Broers en Susters, dat voordat God sy profeet Amos met hierdie woorde na hulle gestuur het, het Hy op soveel ander maniere probeer om Israel tot bekering te bring. God het nie net die hand van liefde uitgehou nie, maar verskriklike middele van hongersnood, pessiëktes, droogte, misoeste en sprinkane gebruik. Maar dit was tevergeefs. Tot vyf maal word die refrein herhaal: ‘nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE.’

“Amos wou Israel laat besef dat God ’n lankmoedige maar ook regverdige God is, wat die sonde nie ongestraf laat bly nie. Hulle moes besef dat selfs sy eie volk nie verskoon sou word nie. God se oordele begin juis by sy huis: ‘Daarom sal Ek só met jou handel, o Israel ... maak jou klaar om jou God te ontmoet, o Israel!’

“Broers en Susters, Kersfees is inderdaad ’n ontmoeting met God en hierdie dreigement van oordeel moet seker ook vir ons en vir die wêreld waarin ons leef ’n aansporing wees tot voorbereiding vir Kersfees. Die vraag is: Hoe gaan ons Kersfees, die Christusfees, tegemoet?

“O ja, daar word baie voorbereidings getref. En moenie ’n fout maak nie. Die materialistiese wêreld waarin ons leef, het genoeg om ’n blink Kersfees te vier. Daar word elke jaar duisende Rande bestee om Kersaand onvergeetlik te maak vir die huisgesin en die vriendekring. Baie gaan in hierdie tyd bo hulle vermoëns en kragte te werk om daardie dag genoeg te ete en te drinke te hê. Die vetgemaakte speenvark of kalkoen word keurig voorgesit en ’n ereplek vir die eregaste gereserveer.

“Dit is sekerlik goed dat ons hierdie voorbereidings tref, maar reserveer ons ook ’n plek vir Jesus Christus aan ons tafel en in ons feesprogram?

“As die antwoord hierop nie bevestigend is nie, sal al ons Kersgesellighede leeg en doelloos wees. Dan sal

ons by die Kersfees kan sê: Ons het baie mense ontmoet, maar ons het Jesus nie persoonlik ontmoet nie. Dan sal daar vreugde wees by die Kersmaal, altans vir die oomblik, maar die blywende Jesusvreugde sal nie ons deel wees nie.

“Hoe waar het dit nie in die wêreld geword nie! Die wêreld vier Kersfees sonder Jesus Christus en gebruik sy Naam en geboorte om hulle sondige saak te bevorder. Hoe God-onterend is hulle praktyke rondom Kersfees!

“Die mens wat die kindjie in die krip verwerp, sal eenmaal deur die Man op die wolke verwerp word: ‘Daarom sal Ek só met jou handel ... maak jou klaar om jou God te ontmoet’!

“Waarvoor moet ons voorbereiding maak?

“Die antwoord is duidelik. Ons moet ons klaarmaak om God te ontmoet. En Broers en Susters, om God te ontmoet, is ’n ontsagwekkende saak.

“Hierdie ontmoeting is die enigste wat Kersfees waarlik tot Kersfees maak en aan Kersfees sy eintlike betekenis en waarde gee. Sonder hierdie ontmoeting is Kersfees niks.

“As dit by Kersfees kom, is die mens van ons dag met so min tevrede. Hulle is tevrede met die uiterlike, ’n helderverligte Kersboom en die aanhoor van Stille Nag. Ja, terwyl hulle in duisternis bly sit, omdat hulle nooit by Bethlehem, die broodhuis, uitgekom het en Jesus, die Lig van die wêreld, daar omhels het nie.

“Sonder hierdie ontmoeting met Jesus sal Kersfees vir ons wees soos die Kersrommel wat na die fees deur die askar verwyder word: nutteloos, waardeloos, sonder inhoud en sonder betekenis.

“Nee, Broers en Susters, Kersfees vra van ons om iets te doen: Om op te staan soos die herders en na Bethlehem en die Kindjie in die krip te gaan. Kersfees is om God te ontmoet.

“Let wel in ons teks staan ‘jou God’. Die aksent val op die ‘jou’. Ja, God kom na j^óú, as j^óú God. Hy kom nie na Israel as ’n vreemde God om vir hulle te sê: Ek ken julle nie. Ek wil niks met julle te doen hê nie. Nee. Ek is jou God. Dit is geweldig, want met hierdie woorde herinner God Israel weer aan die band tussen Hom en hulle. Die band wat hulle losgemaak en radikaal verskeur het. Met hierdie woorde wil God hierdie band weer stewig knoop. Dit Broers en Susters, is Kersfees in die ware sin van die woord. God wil weer die bande vasknoop wat deur ons geskeur is. Hy wil vir ons kom sê: Ek is jou God in Jesus Christus. God kom deur die

menswording van sy Seun, om na die mens te soek en Hom deur die mens te laat vind. Só maak God dit vir ons moontlik en maklik om Hom te ontmoet.

“Hoe moet ons, ons klaarmaak?

“Ons mag nooit uit gedagte verloor dat God die Heilige en Volmaakte is nie. En as ons Hom, die Heilige en Volmaakte, wil ontmoet, moet ons sorg dat ons handel en wandel na God se heilige wil is.

“Maak u klaar. Dit beteken word rein. Johannes die Doper het hierdie eis aan sy toehoorders voorgehou toe hy gesê het: ‘Addergeslag, wie het julle aangewys om te vlug vir die toorn wat aan kom is? Dra dan vrugte wat by die bekering pas’. (Luk 3:7,8)

“Amos pleit by sy volk om gehoorsaamheid aan God se wet. Hulle moes mekaar nie langer bedrieg nie. Hulle moes nie langer doodslaan en egbreek nie.

“Broers en Susters, dit is presies waaruit ons Kersvoorbereiding ook moet bestaan. Ons voorbereiding moet begin met ’n ‘klaarmaak’ in ons eie lewe, bedryf en verhouding met ons naaste. Ons moet sorg dat ons God ontmoet aan ons tafel, huis, kantoor en werk. Kersfees kan misluk as hierdie voorbereiding ontbreek.

“Om God te ontmoet, is om jou in al jou sonde en naaktheid te sien soos God jou sien. Dit is om voor Hom met ’n gebroke en verslae hart te staan. God het behae alleen in ’n gebroke hart en verslae gees. Hy verag die trotse Fariseër. As ons in onself hoog verhewe is, kan ons die nederige stal van Bethlehem nie binnegaan nie. Kyk hoe God ons ontmoet. Hy buig laag na u en my. Hy het die kleinste en die minste geword om ons te ontmoet.

“Maak u klaar. Dit beteken, word rein; maar dit beteken ook word klein. Soos Johannes die Doper moet ons vra om minder te word, sodat God meer kan word in ons lewens. Daar is voorwaar veel te doen in ons lewens. Ons moet eers knak in onself om laag neer te kniel voor God. Dan gebeur daar iets. Dan ontvang ons die ryke en heerlike seën van Kersfees.

“Amen.”